LYS VAN DOKUMENTE/INLIGTING BENODIG BY AANMELDING VAN 'N BESTORWE BOEDEL:

Nadat die oorledene se begrafnisreëlings getref is, is u volgende taak om die boedel aan die genomineerde Eksekuteur te rapporteer. Afhangend van die omvang van die boedel, kan so 'n rapportering tot 1 ½ uur neem en dit is dus raadsaam om vooraf te skakel sodat 'n afspraak gereël kan word.

Die volgende dokumente sal saam met die oorspronklike Testament by die betrokke Meesterskantore ingedien moet word, en is verpligtend:

1. Sterfkennis
2. Inventaris
3. Aanneming van Eksekuteurskap/ Onderneming en Aanvaarding van Meestersopdrag in die geval van 'n Artikel 18(3) Boedel
4. Beëdigde Verklaring van Naasbestaandes – slegs waar daar nie 'n testament is nie of erfgename word nie by name genoem in die testament nie
5. Huwelikstatus Verklaring
6. Verklaring ten opsigte van geen vorige rapportering
7. Afskrif van Eksekuteurs/Meestersverteenwoordiger se ID
8. Afskrif van die Sterftesertifikaat
9. Afskrif van die oorledene se Huweliksertifikaat/Egskeidingsbevel indien hy/sy getroud/geskei was ten tye van afsterwe

Die volgende dokumente/inligting waar van toepassing, moet saamgeneem word wanneer die boedel by die Eksekuteur/Beredderaar aangemeld word:

1. Identiteitsdokumente, Huweliksertifikaat en Huweliksvoorwaarde-kontrak/Egskeidingsbevel van oorledene en nagelate eggenoot/eggenote
2. Sterftesertifikaat van oorledene asook sterftesertifikaat van die vooroorlede eggenoot/note indien vooroorlede
3. Naam, adres en kontaknommer van oorledene se huisdokter
4. Adres van werkgewer en perosneel/pensioennommer van oorledene
5. Inkomstebelastingnommer van oorledene

6. Registrasiedokumente van voertuie
7. TV Lisensie indien op naam van oorledene
8. Telefoon-, water- en ligte-, heffings-, selfoon- en/of enige ander rekeninge wat deur die boedel betaalbaar sal wees
9. Huur- en verhuringskontrakte
10. Transportaktes
11. Aandelesertifikate, bewys van bankrekenings en/of beleggings, polisdokumente
12. Besonderhede van die oorledene se boekhouer/rekenmeester
13. Korttermynversekeringspolisse
14. Besonderhede van verbandhouers
15. Kontakbesonderhede van begunstigdes
16. Kontakbesonderhede van Medies en Pensioen
17. In die geval waar 'n persoon oorlede is aan onnatuurlike oorsake – die saaknommer en kontaknommer van die ondersoekbeampte
18. Begrafnisrekening/kwitansie

STAPPE VAN BEREDDERING:

1. Die rapporteringsdokumente word saam met die oorspronklike Testament en Sterftesertifikaat na die Meesterskantoor in die gebied waar die oorledene woonagtig was, gestuur, waarna die Meester 'n Eksekuteurs-/Magtigingsbrief uitreik en 'n boedelnommer toeken.
   Dit kan tussen 2 tot 8 weke neem voordat sodanige brief uitgereik word, en is daar van die Meesterskantore, byvoorbeeld Pretoria en Gauteng wat nog langer neem om 'n aanstelling uit te reik.

2. Hierna gaan die beredderaar voort om 'n advertensie in die plaaslike koerant te plaas wat die debiteure en kredieteure versoek om binne 30 dae na datum van advertensie, hul eise teen/ten gunste van die boedel, by die Eksekuteur in te dien.

3. Nadat die gemelde 30 dae verstryk het en die Eksekuteur die nodige bewysstukke en waardasies ingewin het, kan 'n Likwidasierekening, wat die bates en laste, verdeling aan erfgename en boedelbelasting, indien van toepassing, aandui, opstel en by die Meesterskantoor indien.

4. Die Likwidasierekening word dan deur die ondersoeker by die Meesterskantoor ondersoek, en indien hy tevrede is, word toestemming verleen dat die Eksekuteur die Likwidasierekening ter insae, mag adverteer.

5. Die Eksekuteur plaas dan weer 'n advertensie dat die Likwidasierekening ter insae sal lê by die betrokke Meesterskantoor en plaaslike Landdroskantoor, vir insae deur die publiek, vir 21 dae. Gedurende hierdie 21 dae mag enige persoon of instansie wie nie tevrede is met die verdeling in terme van die Likwidasierekening nie, 'n skriftelike beswaar by die Meesterskantoor/Landdros of Eksekuteur indien.

6. Sodra die 21 dae verstryk het en geen besware was ingedien nie, sal die Meester aan die Eksekuteur toestemming verleen om voort te gaan met afhandeling van die boedel, m.a.w. om vaste eiendom oor te dra, kontanterfenisse oor te dra, aandele oor te dra, ens.

7. Indien daar egter wel 'n beswaar ingedien was, is daar 'n ander prosedure wat gevolg moet word, wat nie hierin breedvoerig bespreek sal word nie, en behoort op daardie stadium deur die Eksekuteur/beredderaar aan die kliënt verduidelik te word.

8. Nadat die Eksekuteur die boedelfondse uitbetaal en roerende- en onroerende bates oorgedra het, kan 'n bewys van die Meesterskantoor af aangevra word sodat die boedel geliasseer en dienooreenkomstig gebêre kan word.

Daar is egter 'n paar aangeleenthede wat kan verhoed dat 'n boedel spoedig afhandel word, byvoorbeeld 'n groot kontanttekort, belasting/BTW eis vanaf SARS, oordrag van vuurwapens, verkoop van vaste eiendom, ens.

_____